

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 18 April 2021

VOTUM

Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan,
moet die Naam van die Here geprys word!
Hoog bo al die nasies heers die Here,
sy mag strek selfs oor die hemele.
Wie in die hemel of op die aarde
is soos die Here ons God,
wat hoog woon en hier onder alles sien?

SEËNBEDE

Genade en vrede vir julle van God ons Vader en
die Here Jesus Christus,
wat Homself vir ons sondes gegee het
om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en
so die wil van God ons Vader te volbring.
Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

SKRIFLESING EN GEBED

Teks: Psalm 117

Tema: Uitbundig en Jubelend oor God!

Die geboorte van universalisme

Psalm 117 is na die Babiloniese ballingskap geskryf. Die ballingskap het die godsdienstige perspektief van die Jode verbreed. Gedurende die ballingskap het hulle



besef dat God nie net tot die Jode, Jerusalem en die tempel beperk is nie. Hy is ook die God van die “gentiles” en die verskillende stamme op die aarde.

Nasionalisme: Ons God, ons stad en ons tempel!

Tot en met die ballingskap was hulle sterk nasionalisties en het die Jode die universele perspektief van God se plan met Abraham nie verstaan nie,

“Dit is my verbond met jou: jy sal die vader wees van ’n menigte nasies; ⁵jy sal nie meer Abram genoem word nie, jou naam sal Abraham wees, want Ek maak jou die vader van baie nasies. Ek sal jou baie vrugbaar maak, Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom. (Genesis 17:4-6)

In Psalm 117 verander die perspektief en word die nasies van aarde uitgenooi om saam met die Jode die God van die hemel en die aarde te aanbid.

1. Die feesgangers spog met God. (Pss 113-117)

“Prys die Here, alle nasies”.

Die woord “prys” beteken “spog” in Hebreeus. Die nasies word uitgenooi om oor God te spog. Kyk hoe spog die feesgangers oor hulle God:

- **Psalm 113:3.** Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan, moet die naam van die Here geprys word.
- **Psalm 113:5,6.** Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here, ons God wat hoog woon en hier onder alles sien?
- **Psalm 114:7.** Bewe aarde, as die Here verskyn, as die God van Jakob verskyn. Hy wat rotse in waterkuile verander, harde klip in fonteine
- **Psalm 115:1.** Nie aan ons nie Here, nie aan ons nie, maar aan U naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys.
- **Psalm 115:2,4, 16.** Waar is hulle God nou? En dit terwyl ons God in die hemel is. Alles wat Hy wil, doen Hy. Die hemel is net vir die Here, maar die aarde het Hy aan mense gegee.



- **Psalm 116:1-3.** “Ek het die Here lief, want Hy verhoor my smeekgebede. Hy het na My geluister toe ek Hom aangeroop het. Bande van die dood het my omsluit, doodsangs het my aangegryp, ek het benoud en bekommerd geword.”

Waaroor spog jy met God?

2. Die feesgangers sing uitbundig (exuberant) oor die uitnemende (excellence) eienskappe van God.

“Loof Hom, alle volke, want sy liefde vir ons is sterk, aan die trou van die Here is daar geen einde nie!” (Psalm 117:2)

“Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou.” (Ex 34:6)

Die woord “loof” beteken “uitbundig” in Hebreeus. Die engelse woord vir “loof” kom van die Latynse woord “adoramus”. In hierdie vers kan feesgangers nie uitgepraat raak oor God nie. Inderdaad, hulle “adore” Hom.

Waaroor kan hulle nie uitgepraat raak nie:

a) Sy lojale liefde (hesed) wat alle weerstand oorwin.

Die feesgangers sing dat die liefde en lojaliteit van God **alles oorwin** (all conquering) en dat geen mag die opmars van God se liefde kan keer nie. Geen mag kan voor die aanslag van God se liefde staande bly nie.

Paulus besing God se liefde wat alle weerstand oorwin! Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet:

“Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. ³⁸Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte ³⁹of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.” (Romeine 8:37 ev)

b) Sy geloofwaardigheid en trou (emet) wat nooit eindig.

Die feesgangers sing nou oor die geloofwaardigheid van God wat geen einde ken. In die verre verlede was Hy betroubaar en Hy sal tot in die verre toekoms nog



steeds betroubaar wees. Deur alle eeue was God getrou aan Sy verbond en beloftes met Abraham en die Joodse volk:

- **Egipte.** God het hulle uit die slawehuis van Egipte bevry en hulle kon die beloofde land inneem;
- **Babilon.** God het hulle laat terugkeer na die Babiloniese ballingskap en die land is weer uit die ruïnes opgebou;

- **Christus is die vervulling van Psalm 117.**

Christus en sy dissipels sing hierdie lied voor sy kruisiging. God se alles oorwinnende liefde en Sy geloofwaardigheid vind sy finale vervulling in die kruisdood van Christus.

3. **Ons hoop en toekomsverwagting is gebou op God se liefde en trou.**

God se “all conquering” liefde en geloofwaardigheid het sy vervulling in die kruisdood van Christus gevind, wat ook die basis van die hoop van die “gentiles” geword het. Ons lees in Romeine 15:9-13:

“Hy het ook gekom sodat die ander nasies God oor sy ontferming sou verheerlik, soos daar geskrywe staan:

“Prys die Here, alle nasies!

Loof Hom, alle volke!” (Ps 117)

Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!”

4. **Ontelbare stemme sing saam in een massa koor (Ps 117)**

Hierdie lied was reeds indukwekkend toe hy gedurende Joodse feeste gesing is.

Nog eenmaal gaan ‘n massakoor Psalm 117 jubelend sing.

Ons lees in Openbaring 7:9, 10:

“Hierna het ek ‘n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hulle het wit klere aangehad, en daar was palmtakke in hulle hande. Hulle het hard uitgeroep: “Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!”



SLOTIED

Ons sing met 'n groot massakoor Lied 205

Bring lof aan die Vader, verheerlik die Seun
Vir liefde, genade, verlossing en steun,
Dat elkeen wat glo nie verlore mag gaan,
Maar ewig voor Hom as verlose kan staan!

KOOR

*Loof die Heer, loof die Heer! Sing gelowiges, saam!
Loof die Heer, loof die Heer! Prys sy heilige Naam!
Hy kom uit genade ons sondes versoen
Dat ons Hom vrymoedig ons Vader kan noem!*

Ons lof aan die Skepper wat altyd getrou
Sy kerk hier bewaar, dit vernuwe en bou;
Ons bly inspireer en ons stuur deur sy Gees
Om sout en om lig vir die wêreld te wees.

KOOR

Ons lof, ons aanbidding, o Vader, ons lied
Is nietige klanke, deur kinders gebied.
Tog sien U ons nood en verhoor ons gebed –
Oneindig die liefde wat U vir ons het.

KOOR

SEËNBEDE:

²⁴Die Here sal julle seën en julle beskerm;

²⁵die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;

²⁶die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee!

²⁷“So moet die priesters my Naam oor die Israeliete uitroep,
en Ek sal hulle seën.”



OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapscan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

Met trots geborg deur:



www.thepiecrew.co.za

THE PIE CREW
WINMORE

thepiecrew1@gmail.com
thepiecrew.winmore@gmail.com

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede. Vir meer inligting kontak die kerkkantoor:

kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

